Belhar en die Bybel – ‘n lyn in die sand

Deur Cobus van Wyngaard
9 Februarie 2015
https://ngkerk.wordpress.com/2015/02/09/belhar-en-die-bybel-n-lyn-in-die-sand/

So hier is wat my kry oor hierdie Belhar gesprek: dat daar mense is wat regtig verwag dat ons weer ‘n keer moet verduidelik dat Belhar teologies OK is, dat Belhar in lyn met die Bybel is. So asof dit nou een of ander nuwe insig is dat die Belydenis van Belhar “in ooreenstemming met die Woord van God” is. Net so verlammend is die tegniek om te vra dat die NG Kerk tog nou eers weer ‘n keer ‘n kommissie moet aanstel om te gaan navorsing doen oor Belhar, met harde woorde soos:

> “Dit is skokkend dat selfs die Algemene Sinode nog geen teologiese studie van Belhar gedoen het nie. Nie een enkele van die besluite wat tot dusver oor Belhar geneem is, is geneem op grond van ‘n objektiewe evaluering voor die Sinode nie.”

Of:

> “… skryf: “Die Algemene Sinode het immers al jare gelede besluit dat die inhoud en strekking van Belhar met die Bybel ooreenstem en só word di took in die voorgestelde nuwe artikel 1 van die Kerkorde verwoord.” Ja, dit is blykbaar wat die Sinode besluit het, maar dis besluit sonder enige studiestuk wat amptelik aan die Sinode voorgelê is.”

Nou wil dit vir my voorkom of hierdie uitsprake tegnies waar is. Maar die tegniese rus op goed soos “objektiewe evaluering voor die Sinode” en “amptelik aan die Sinode voorgelê”. Ja, jy nie so ‘n evaluering in die agenda of handelinge van ‘n Algemene Sinode sal vind nie, maar dit beteken nie dat dit nie bestaan nie, en die verwysings daarna is wel mooi duidelik in die agenda. So hier is hoe ek die storie lees.

In 1982 word Belhar opgestel en die Algemene Sinode sê:

> “Die Sinode het met groot smart verneem dat ‘n belydenisstuk as uitvloeisel van ‘n Status Confessiones as in “konflik” teenoor die Ned Geref Kerk en gelykstaande met ons ander belydenisskrifte, in die lig gestuur is.”

1986 kom en ons lees:

> “Die Algemene Sinode het kennis geneem van die amptelike skrywe van die NG Sendingkerk, maar was tydens hierdie sitting nie in ‘n posisie om ‘n diepgaande studie daarvan te maak nie
>
> …
>
> dra dit aan die Breë Moderatuur op om die stukke van die NG Sendingkerk te bestudeer en onverwyld met die NG sendingkerk hieroor in gesprek te tree.”

En dan later

> “1.3.2 die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake en die Algemene Regskommissie ontvang die opdrag om in die lig van die” Antwoord van die Breë Moderatuur aan die NGSK oor die Konsepbelydenis” (Agenda 1 986 pt 2.1.3.1.6 op bl 22) asook ander tersaaklike stukke soos bv die studiestuk van die Sinodale Kommissie van die NG Kerk in SA, Agenda beskrywingspunt B4.5 (op bl 452) die nuwe “Kerk en Samelewing” en alle besluite van die

> NGSK Sinode, asook die Acta van die Algemene Sinode 1982, wat ons verhoudinge raak die Belharbelydenis te beoordeel en ‘n verslag aan die Breë Moderatuur voor te lê.
>
> …
>
> Die Breë Moderatuur ontvang opdrag om in die lig van 1.3.2 hierbo na bevind van sake te handel. Die Sinode dra dit aan die Breë Moderatuur (Algemene Sinodale Kommissie) op om so spoedig moontlik die beoogde samesprekings en onderhandelings aan te knop en by die eersvolgende Sinode verslag te doen”

As ek dit reg lees, was die studiestuk van AKLAS toe nooit terug na die Algemene Sinode toe nie, omdat die opdrag was dat die studiestuk na die ASK toe moet gaan, en die ASK die opdrag kry om verslag te doen, nie AKLAS nie (jammer vir al die afkortings). Punt is egter, hierdie studiestuk is opgestel, en dit het voor die ASK gedien, en dit kan nou afgelaai word. As ons die Algemene Sinode se integriteit hier in twyfel gaan trek, asof daar nie ernstig oor besluite gedink was nie, dan kan ons werklik maar min dinge vertrou wat uit ons tradisie kom.

Daar is baie mooi goed hierin (soos die deel oor belydenis wat soos hoes is), en ook goed waarmee van ons dalk vandag sal verskil (soos die evaluasie van Kairos), maar hier is die punt wat belangrik is:

> “Sonder vrees vir teenspraak kan gese word dat die positiewe uitsprake van die BB in ooreenstemming met die Skrif en die gereformeerde belydenis is en daarom deur die NGK onderskryf kan word.”

Oor die manier waarop Belhar die implikasie van die belydenis verwoord is daar ‘n stuk ongemak, maar die ongemak lê hoofsaaklik daarin dat die studiestuk wil uitwys dat na Kerk en Samelewing kan die kritiek van Belhar nie meer so eenvoudig op die NG Kerk van toepassing gemaak word nie. Maar die NG Kerk se eie studiestuk erken dat die teologie waarmee die NG Kerk in die verlede gewerk het verkeerd was (daar bly tog iets mooi, iets kerkliks, daarin dat die NG Kerk kan erken dat ons droog gemaak het).

In 1990 lees ons van hierdie verslag:

> “Nadat AKLAS ‘n stuk op 2/9/88 aan die ASK voorgelê het, en nadat al die lede hulle kommentaar daarop kon lewer, het die ASK besluit om soos volg by die Algemene Sinode aan te beveel as beleidstandpunt oor hierdie saak:”

en direk daarna

> “5. Die ASK oordeel dat die Belharbelydenis op sigself genome nie met die drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie en dat dit nie verwydering tussen kerke hoef te bring nie.
>
> …
>
> 8. Die ASK oordeel dat bepaalde uitsprake anders geformuleer kon gewees het, oa par 4 van die Belharbelydenis en dat die uiteensetting van “Kerk en Samelewing” oor die Here as God van “die arme en verontregte” , die Bybelse uitsprake in die verband suiwerder stel (vgl par 143-151 van Kerk en Samelewing).”

So daar is navorsing gedoen, daar was ‘n proses gewees, en Belhar is aanvaar as in lyn met die leer van die kerk, al is daar nog in 1990 gevoel dat Kerk en Samelewing op sekere punte ‘n beter formulering sou wees, en meer nog, dat dit belangrik is om dit uit te wys.

Dit bring ons by 1998, waar die sinode weer sê:

> "Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie."

Daar kom dan 'n amendement in wat die voorstel wou wysig om by te voeg

> "alhoewel die kerk oordeel dat bepaalde sake anders geformuleer kon gewees het"

Hierdie amendement word verwerp, wat dus 'n klein skuif weg is van die besluit van 1990, of dalk het ons net intussen geleer dat daar verskillende maniere is om goed te verwoord, en dat ons nie altyd die een teen die ander hoef op te weeg nie.

Daar is natuurlik ander dinge waaroor ons meer verskil. As jy deur die geskiedenis lees is die stem dat Belhar nie 'n belydenisskrif behoort te wees nie altyd baie duidelik. Maar, die NG Kerk het nog altyd duidelik en ondubbelsinnig gesê dat daar geen teologiese probleem met Belhar is nie en dat Belhar in lyn met "die drie Formuliere van Eenheid" is (wat seker veronderstel dat dit in lyn met die Bybel ook is, soos wat die studiestuk duidelik maak).

So hier is my punt dan nou weer: verwag ons dan nou nogsteeds dat 'n predikant van die NG Kerk haar/homself moet verdedig omdat ons 'n standpunt inneem wat bloot in lyn met 25 jaar se besluite van die NG Kerk is? As ek as predikant van die NG Kerk bloot sê dat ek dink Belhar is teologies in lyn met die Bybel en met ons Gereformeerde tradisie, dan het ek mos nie nodig om myself te verdedig nie? Die teendeel moet mos eintlik eerder waar wees.

Die punt is nie dat alles wat die kerk ooit sê slaafs en kritiekloos aanvaar moet word nie. Dit was nog nooit hoe ek oor die kerk gedink het nie. Maar om dele van die kerk van dwaalleer te beskuldig (ook indirek, deur iets wat as 'n belydenis beskryf word deur party as dwaalleer te beskryf) is 'n ernstige aanklag. Dalk het ons al vergeet hoe ernstig dit is. Die oomblik wanneer ons mekaar van dwaalleer begin beskuldig, dan word 'n gesprek waarin ons na mekaar luister bykans onmoontlik. Dit alleen moet ons uiters versigtig maak om in 'n tyd waarin ons na mekaar moet luister oor dwaalleer te praat. Die feit dat die NG Kerk vir 25 jaar lank by herhaling Belhar as in lyn met die Bybel en ons tradisie beskryf het behoort hierdie grens in ons gesprek nog 'n bietjie meer ernstig op te neem. 'Dit is natuurlik nie 'n harde grens nie, dit kan maklik oorgesteek word. Ek weet dat daar steeds stemme gaan opgaan wat wil aandring dat, anders as wat ons nog altyd sê, Belhar dwaalleer bevat.

Die gesprek waarvoor ek ruimte wil maak lê egter duskant hierdie grens. Dis 'n gesprek wat gaan oor hoe ons oor belydenisse dink, hoe ons oor belydenisvorming dink en oor wat ons dink dit beteken wanneer Gereformeerdes belydenisse onderskryf. En hier dink ek kan ons maar ruimte hê om van mekaar te verskil. As ons met mekaar kan ooreenkom dat ons mekaar se belydenisse as in lyn met die Bybel beskou, dan kan ons maar verskil oor of ons dit as 'n belydenis onderskryf.

So kan ons nie maar net ooreenkom om hier 'n lyn in die sand te trek nie: oor Belhar as belydenisskrif kan ons verskil, maar ons bevestig in ons gesprek met mekaar dat Belhar in lyn met die Bybel is, soos ons nog altyd doen.

Ja vir die status quo (oor artikel 1)

Deur Cobus van Wyngaard
31 Oktober 2014
https://ngkerk.wordpress.com/2014/10/31/ja-vir-die-status-quo-oor-artikel-1/

Dis nou nie 95 stellings nie, maar laat ek tog maar my sê sê.

Dit was 2008 toe ek die eerste keer 'n afgevaardigde na 'n sinode was. Ek moet bieg ek het dit nie baie ernstig opgeneem nie. Ek was die jong siniese teologie student wat gesit en selfoonspeletjies speel het vir twee dae lank. Dit was 'n paar maande voor legitimasie, en teen die einde van die Sinodesitting stap ek na 'n belangrike verteenwoordiger van die kuratorium (dis nou die lot wat na die kerk se teologiese opleiding en die legitimasie van teologiese studente moet kyk) ek vra: "so wat sal dit beteken as ons Belhar onderteken met ons legitimasie?".

Sy antwoord was eenvoudig: "niks."

"Tot die kerk Belhar erken, sal dit niks beteken as julle Belhar onderteken nie."

Dit was nie lank daarna wat die NG Kerk se studente van Stellenbosch Belhar tydens hulle legitimasie begin onderteken het nie, en nog 'n paar jaar toe onderteken studente van Pretoria ook Belhar. Dalk sou dit iemand bietjie vies gemaak het as studente in 2008 reeds aangedring het daarop om Belhar te onderteken, maar ek wonder of hierdie kuratorium voorsitter dalk reg was: tot die kerk Belhar as belydenisskrif erken, beteken studente se ondertekening daarvan by legitimasie niks nie. Ek het dit toe nooit onderteken nie.

Ek weet nie of dit so gereeld gebeur dat ek 'n voorstaander van die status quo is nie, maar hierdie rondte gaan ek dit tog vir 'n oomblik wees (of dit die katoliek of die pragmatis is wat uitkom weet ek nog nie). Want artikel 1 is net dit: die handhawing van die status quo.

Maar hoor my tog uit voor jy na enige kant toe beoordeel.

Toe die voorstel uit die Wes-Kaap sinode in 2011 aanvaar is dat Belhar deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk gemaak word, het dit met 'n ongelooflike stuk opgewondenheid gepaard gegaan. 'n Sinodesitting wat in trane was (letterlik in baie plekke), en toe ons 'n paar dae later met "Lord of the Dance" afsluit toe staan ek langs my pa en sê vir hom: "mens kan ook net verstaan wat hier aangaan as jy onthou dat hierdie selfde sinode maar eers 25 jaar terug die teologiese regverdiging van apartheid verwerp het". Simbolies was 2011 se besluit belangrik. Teologies was dit selfs belangrik. Kerklik was dit soortgelyk aan die baie gemeentes van die NG Kerk wat Belhar oor die afgelope liturgies bely het. Dalk die kuratorium-lid verkeerd gewees, en is hierdie liturgiese belydenis wel belangrik, maar die verandering van 'n belydenisgrondslag, daardie permanente merker in die geskiedenis van 'n kerk waarin ons sê dat ons vir ewig onsself sal verstaan aan die hand van hierdie moment en hierdie historiese woorde, dit is tog iets anders as 'n uitroep, 'n eenmalige liturgiese handeling.

So 2013 se Algemene Sinode het gekom. Vreesaanjaend vir party, totaal teleurstellend vir ander. Die nou bekende voorgestelde "Artikel 1" is geformuleer. My eie voorstel vooraf was dat ons bloot sê dat alle belydenisse "sonder dwang" aanvaar word, maar ek dink dit maak ander teologiese vrae oop as wat tans op die tafel is (ek dink egter die logiese gevolg van waarmee ons besig is gaan ons hierheen neem, maar later meer hieroor).

Ek het na die 2013 sinode my waardering oor die konsensus wat ons gevind het neergepen. Wat min mense beleef het, maar wat vir my diep betekenis gehad het, was in die laataand vergadering waarin ‘n voorstel vir hoe ons Belhar deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk gaan maak gesoek is, toe twee sterk stemme wat teenoorstaande standpunte rondom Belhar verteenwoordig met ‘n diep erns vir mekaar gesê het: “Ek wil saam met jou in die kerk wees. Hoe gaan ons dit regkry?”.

Dis ‘n lang inleiding om by die status quo uit te kom. Want artikel 1 is die status quo in die NG Kerk. Dis nie iets radikaal wat besluit is nie (wat natuurlik weer ander se kritiek uitroep). Dit is kwalik iets nuuts. Al was dit doen is om vir mense soos ek, vir wie Belhar as belydenis waarskynlik veel meer beteken as meeste van die ander woorde wat ons “belydenis” noem in die NG Kerk, die ruimte te gee wat die kuratorium-lid erken het ek nie het nie. Dit gee betekenis aan my belydenis.

Jy sien, daar is in die NG Kerk reeds baie individue, ‘n groeiende hoeveelheid kerkrade, ringe, sinodes, en as ek die gebeure reg interpreteer selfs die Algemene Sinode, wat op verskillende maniere gesê het: “Vir my/ons is Belhar ‘n belydenisskrif”. Dit was onafhanklik van die verandering van ‘n kerkorde. Dit is reeds daar. We walk amongst you.

Vir my is die proses rondom artikel 1 eenvoudig: Dis ‘n vraag aan die NG Kerk, op ‘n breër en meer indringende wyse as wat ons in dekades, of dalk nog ooit, oor saam ‘n besluit moes neem, wat vra: “is ons OK daarmee dat daar tussen ons individue, gemeentes, ringe en sinodes is wat die belydenis van Belhar as ‘n belydenis aanvaar?” Is ons OK daarmee om die status quo te bevestig?

Ek weet daar is hier en daar mense in die kerk wat sê: “Nee, dis nie OK dat ons net aanvaar dat daar tussen ons mense is wat Belhar bely nie, ons wil hê almal moet Belhar bely”. Dis mense by wie ek myself gewoonlik tuis vind, maar hierdie keer kies ek ‘n ander roete.

Meer algemeen is die idee dat dit moontlik is om “nee” te antwoord op die vraag wat ek dink ons oor moet stem. Daar is plekke in die kerk wat sê: “nee, dit is nie OK as daar tussen ons mense is wat Belhar bely nie, niemand mag Belhar bely nie”.

Die betekenis van so ‘n keuse is nog nie genoeg oor gepraat nie. Neels Jackson het iets daarvan verwoord op die voorblad van die Kerkbode van 1 Augustus: “Word die voorgestelde wysiging nie goedgekeur nie, sal dit ‘n bitter pil wees vir dié lidmate, kerkrade en sinodes wat in elk geval die inhoud van Belhar bely”.

Maar “bitter pil” is dalk nie sterk genoeg nie. Vir almal wat so sterk voel oor die betekenis van belydenisskrifte (en daarom nie aan die belydenisgrondslag wil verander nie) behoort dit duidelik te wees hoe ernstig dit sal wees. As ek bely (en daar is nie ‘n dieper manier waarop ‘n Gereformeerde iets kan sê nie), en die kerk sê vir my dat daar nie ruimte is om so te bely nie, watse vrae maak dit oop oor my lidmaatskap van die kerk? Dwing dit my nie tot ‘n diep etiese en teologiese, nee, ‘n blote sielswroeging voor God, as die kerk vir my sê dat dit waarvan ek oortuig is, nee, nie oortuig is nie, dit wat ek bely, nie bely kan word in hierdie kerk nie?

Al wat gevra word, in my opinie, is dat die kerk my erken. Bevestig net die status quo. Ek is hier, ek bely Belhar, ek wil Belhar bely, sê net vir my dis OK. Om “ja” te stem vir artikel 1 gaan niks verander nie, of nie so baie nie. Dit gaan net bevestig wat reeds daar is, net erken dit wat bestaan. Om “nee” te stem gaan wesenlike implikasies hê, want as ons erns maak met wie ons is, dan kan dit nie anders as om ‘n belydenis te forseer nie.